DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE, NELSPRUIT

LEIDING DEUR DIE HEILIGE GEES

Prediker: Pastoor Johan Putter

Datum: 10 Januarie 2016

Plek: Nelspruit

LEIDING DEUR DIE HEILIGE GEES

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 3

AGTERGROND 3

GELOWIGES KAN DEUR DIE HEILIGE GEES GELEER WORD. 3

DIE HEILIGE GEES KAN GEESTELIKE DINGE INTERPRETEER. 4

HEILIGE GEES KAN LEIDING VERSKAF 4

GOD KAN ONS TOELAAT OM IN DIE GEESTESDIMENSIE TE SIEN 5

SATAN KAN PLANNE BERAAM OM JOU TE BENADEEL 5

GROND EN EIENDOM KAN GEESTELIK ONREIN WEES 5

GETUIENIS 7

TOESPASSING 10

AFSLUITING 11

LEIDING DEUR HEILIGE GEES

INLEIDING

Ek en Doret was bevoorreg om vanaf 2-4 Januarie 2016, tyd op ŉ baie spesiale plek, diep in die bos te spandeer.

Ons het daar oor ŉ periode van ŉ aand en ŉ dag, ŉ geestelike ervaring beleef wat ons graag met u wil deel. Hierdie geestelike ervaring bewys vir ons dat God die Heilige Gees op ŉ unieke of spesiale wyse met gelowiges kan kommunikeer. Ek meen dit is uniek, want die kommunikasie is duidelik en die teenwoordigheid van die Heilige Gees is byna tasbaar.

Indien ek ŉ naam vir ons getuienis moet gee, meen ons dat dit as "Leiding deur *die Heilige Gees*" kan bekendstaan.

As dit nie vir die Heilige Gees se ingryping was nie, kon ek en Doret probleme opgetel het. Ons het sekere foute gemaak en lesse geleer.

Ek vertrou dat u iets uit ons ervaring sal leer. Hopelik gaan u na die preek, ŉ stuk gereedskap hê wat die lewe in sekere opsigte vir u baie makliker gaan maak.

Mag God die Heilige Gees ŉ groter werklikheid in u lewe word. Mag u ŉ groter besef van Jesus Christus se liefde vir u, kry!

Alvorens ons die geestelike ervaring met u gaan deel, is dit nodig dat ons sekere agtergrond aan u verskaf.

Hierdie agtergrond hou verband met my en Doret se verstaan van sekere Bybelse konsepte en hoe dit vandag ŉ werklikheid in ons lewens is. Daar is ses Bybelse konsepte wat in die hierdie geestelike belewenis na vore kom. Ons gaan dit net eers bespreek.

Dit is belangrik dat 'n geestelike belewenis op die Bybel gegrond moet wees. Indien dit nie op die Bybel gegrond kan word nie, het ons of gehallusineer of 'n okkultiese geestelike ervaring gehad.

AGTERGROND

GELOWIGES KAN DEUR DIE HEILIGE GEES GELEER WORD.

U en ek, kan deur ander mense geleer word. Ons kan uit boeke dinge leer. Ons kan uit ervaring leer. Dit is so dat God die Heilige Gees, al hierdie dinge gebruik. Daar is egter ŉ verdere onbeskryflike seëning wat gelowiges te beurt kan val. Dit is ons eerste geestelike konsep. Dit is dat God die Heilige Gees, u **persoonlik** dinge kan leer. Hy kan persoonlik

met u kontak maak en met u kommunikeer, op ŉ wyse wat u Hom duidelik kan hoor. Die Heilige Gees kan inligting aan jou oordra wat jy nie geweet het nie.

Dit is wat die naweek gebeur het. Die Heilige Gees het my in die nag wakker gemaak, duidelik met my gekommunikeer en geestelike dinge aan ons geleer.

JOHN 14:26: (AMP)

"*But the Helper (Comforter, Advocate, Intercessor—Counselor, Strengthener, Standby), the Holy Spirit, whom the Father will send in My name [in My place, to represent Me and act on My behalf], He will* ***teach*** *you all things. And He will help you remember everything that I have told you."*

Dit is kortliks wat die eerste konsep betref.

DIE HEILIGE GEES KAN GEESTELIKE DINGE INTERPRETEER.

Daar het Saterdag aand ook iets plaasgevind wat my by die tweede geestelike konsep bring. Dit lyk vir ons of die Heilige Gees nie net inligting wat jy nie geweet het nie, aan u kan oordra nie, Hy kan u ook help om dit te interpreteer. Dit is in lyn met 1 Korintiërs 2:13.

1 CORINTHIANS 2:13 (AMP)

"*We also speak of these things, not in words taught or supplied by human wisdom, but in those taught by the Spirit, combining and* ***interpreting spiritual thoughts*** *with spiritual words [for those being guided by the Holy Spirit].*

HEILIGE GEES KAN LEIDING VERSKAF

Behalwe dat God die Heilige Gees, vir ons dinge kan leer wat ons nie geweet het nie en dit vir ons kan interpreteer, is daar 'n derde ding wat Hy kan doen.
Dit is dan ons derde geestelike konsep. Die Heilige Gees kan **leiding** aan gelowiges verskaf. 'n Belangrike faset van leiding gee is advies.

In hierdie geval het die Heilige Gees vir my geadviseer om ŉ sekere ding nie te doen nie. Ek het die Heilige Gees se leiding aanvaar en ŉ sekere besluit geneem. God het bietjie later aan my geopenbaar wat sou gebeur het as ek nie Sy leiding aanvaar het nie.

Dit sou ŉ skrikwekkende gevolg gehad het!

Daarom my broers en susters, sorg altyd dat Romeine 8:14 ŉ werklikheid in jou lewe is.

ROMANS 8:14 (AMP)

"*For all who are* ***allowing themselves*** *to be led by the Spirit of God, are sons of God."*

GOD KAN ONS TOELAAT OM IN DIE GEESTESDIMENSIE TE SIEN

Die vierde geestelike konsep is dat die Heilige Gees gelowiges se geestelike oë op so ŉ wyse kan open, dat ons in die geestelike dimensie kan sien. Dit het die naweek met my gebeur. Met wie van u het dit al gebeur? Die Bybel leer dat dit kan gebeur.

2 KINGS 6:17

"*Elisha prayed, "Open his eyes, LORD, so that he may see." Then the LORD opened the servant's eyes, and he looked and saw the hills full of horses and chariots of fire all around Elisha."*

SATAN KAN PLANNE BERAAM OM JOU TE BENADEEL

Die vyfde geestelike konsep is dat Satan kan planne maak en in werking probeer stel om gelowiges te benadeel. Paulus verwys kortliks hierna in Efesiërs 6:11

EPHESIANS 6:11 AMP

"Put on the full armour of God [for His precepts are like the splendid armor of a heavily-armed soldier], so that you may be able to [successfully] stand up against ***all the schemes and the strategies and the deceits of the devil."***

U en ek moet weet dat ons ŉ vyand het, wat aktief kan probeer om ons te benadeel. Dit is wat die naweek met my en Doret gebeur het. Hierdie aanvalle van die vyand is geen grap nie.

EPHESIANS 6:13 AMP

"*Therefore, put on the complete armor of God, so that you will be able to [successfully] resist and stand your ground in the* ***evil day [of danger****], and having done everything [that* ***the crisis demands****], to stand firm [in your place, fully prepared, immovable, victorious]"*

As die Heilige Gees vir my en Doret nie die naweek gehelp het nie, sou ons dalk groot moeilikheid gekry het. Sondag sou werklik ŉ "*evil day of danger*", gewees het.

GROND EN EIENDOM KAN GEESTELIK ONREIN WEES

Die sesde geestelike konsep wat ons oor die jare geleer het, is dat grond en eiendom geestelik onrein kan wees. Ons het die naweek weereens ŉ ervaring hiervan gehad.

U kan nou sê, waarvan praat jy Johan? En wat beteken dit vir gelowiges vandag?

Wel, die Bybel leer vir ons dat grond en eiendom geestelik onrein kan raak. Die Bybel leer ook dat die volgende dinge, grond en eiendom, geestelik onrein kan maak.

- Gewelddadige bloedvergieting soos moord. (Numeri 35:34-35)
- Seksuele immoraliteit, egbreek, homoseksualiteit en bestialiteit. (Levitikus 18: 24-25)
- Afgodsdiens, en okkultiese aktiwiteite. (Jeremia 16:17-18)
- Leuens en skinder asook die uitspreek van vloeke. (Hosea 4:1-3)
- Afgodsbeelde op ŉ eiendom.

WAT BETEKEN DIT AS GROND OF EIENDOM GEESTELIK ONREIN IS?

My mening is dat onrein en bose geeste as gevolg van die geestelike onreinheid, wettige reg op die grond of eiendom kry. Bose en onrein geeste is nie alom teenwoordig nie. Hulle is ook tyd en ruimte gebonde. As grond en eiendom dus geestelik onrein is, dan kan dit wees dat bose en onrein geeste daar teenwoordig is.

GETUIENIS

So tien jaar gelede het Doret en ek, ŉ skuba duik kursus in Umkomaas gaan doen. Ons het so 12:00 se kant in Umkomaas aangekom en by die hotel waar die kursus sou plaasvind, ingeboek. Die kursus sou eers die middag om 17:00 begin. Ons het dus tyd vir ŉ middag slapie gehad. Terwyl ek slaap, kry ek hierdie duidelike ervaring van ŉ groot vark in die kamer. Die ding is so naby my dat ek sy asem in my gesig voel. Ek word dadelik wakker met die wete dat die kamer onrein is as gevolg van seksuele immoraliteit.

Ek het die sonde van seksuele immoraliteit bely en gevra dat die kamer geestelik gereinig word. Ek het daarna die kamer met olie gesalf. Die atmosfeer in die kamer het tasbaar verander.

WAT IS DIE PRAKTIESE IMPLIKASIES VIR GELOWIGES AS HULLE ONREIN GROND OF EIENDOM BETREE?

Na my mening, kan die demone wat ŉ wettige reg op die grond/eiendom het, jou probeer aanval.

GETUIENIS

Eerstens kan hulle kan jou aanval deur jou te probeer beïnvloed om te doen wat hulle natuur is. Jare gelede stap ek by ŉ lokaal in waar mense lelik aan die twis is. Dit is toe asof ek geestelik onderskei dat die gees van twis lekker aan die gang is hier, want die plek is onrein.

Ek bestraf die gees van twis. Daar was byna onmiddellik ŉ afname en later ŉ beëindiging van die bakleiery.

Tweedens kan bose en onrein geeste jou fisies probeer aanval.

GETUIENIS

Jare gelede het ek en my swaer een aand op Kubu eiland op die Magadigadipanne in Botswana, oornag. Die Magadigadipanne was tot so 3000 jaar gelede ŉ baie groot binnelandse meer met Kubu eiland as een van die eilande.

Ek het met ons aankoms by Kubu eiland, sleg siek geword. Ek kon die aand nie slaap nie en is heel aand deur geeste gepla wat my daar wou weg hê. Toe ons die eiland die volgende dag verlaat, het ek byna dadelik gesond geword.

Ek het later vasgestel dat Kubu eiland ŉ sg. heilige plek vir die plaaslike bevolking is, wat godsdienstige rituele daar uitvoer.

Ons gesin het in 1998 weer na Kubu eiland gegaan. Ons het vooraf vir beskerming gebid en niks oorgekom nie.

OPSOMMING

Ek het nou ses geestelike konsepte met u gedeel wat as agtergrond dien, waarteen u die dinge moet verstaan wat verlede naweek met my en Doret gebeur het.
Hierdie geestelike konsepte is:

1. Gelowiges kan deur die Heilige Gees geleer word.
2. Die Heilige Gees kan iets vir ŉ gelowige interpreteer.
3. Die Heilige Gees kan leiding verskaf.
4. Die Heilige Gees kan ons toelaat om in die geesteswêreld te sien.
5. Satan kan planne beraam om jou te benadeel.
6. Grond en eiendom kan geestelik onrein wees.

Kom ons kom nou by die getuienis.

GETUIENIS

Ek en Doret, het haar verjaarsdag en ons 35ste huweliksherdenking by ŉ Lodge diep in die Steenkampsberge naby Lydenburg gaan vier.

Dis ŉ idilliese plek, diep in die bos. Ons het ons eie huisie gehad wat op die reënwoud afkyk. Die reënwoud bestaan uit natuurlike bos wat vir ongeveer 5 km in ŉ diep kloof strek.

Baie van die bome is waarskynlik honderde jare oud. As jy daar stap is alles klam en dis so ruig dat jy nie die hemelruim kan sien nie.

Ons het laatmiddag in ŉ deel van die reënwoud gaan stap en ek het by twee geleenthede geeste gesien, wat dadelik verdwyn as hulle besef dat ek het hulle opgemerk het. Ek het die gevoel gekry dat hulle ons dophou. Dit het my nie gepla nie aangesien ek baie keer daarvan bewus word dat geeste my dophou. As hulle Koningskinders wil dophou is dit reg.

Ons het ook gesien dat daar baie van daardie vreemde klipsirkels is wat baie in die Machadodorp en omgewing voorkom.
Ons het terug huisie toe gestap en verder sonder enige voorval gekuier.
Ons het gaan slaap maar beide ek en Doret was rusteloos. Ek kon aanvanklik nie aan die slaap raak nie en Doret het die vreemdste nagmerries gekry. Ek het op ŉ stadium aan die slaap geraak, en word toe wakker van ŉ "droom."

Ek beleef baie duidelik in die droom, dat daar salf olie op die vloer van die huisie gegooi is. Ek het gesien hoe die olie op die vloer gesprinkel word.

Ek het helder wakker geword en ervaar die leiding van die Heilige Gees dat ek dadelik op ŉ soortgelyke wyse, die huisie moet salf deur salfolie op die vloer te sprinkel.

Ek het opgestaan, die salfolie gesoek en op die vloer gesprinkel. Ek het geweet dat ek en Doret onder ŉ geestelike aanval is.

Ek het ook die bloed en naam van Jesus Christus oor my en Doret moet pleit. Ek het Vader ook gevra om Sy Engele te stuur om ons te beskerm. Ek het toe rustig geword en weer gaan slaap.

Terwyl ek slaap, kry ek ŉ skerp en duidelike bewustheid dat ek in my gees sien, hoe ŉ lang tou wesens vanaf die bosse wat sowat 200 meter van ons huisie af is, na ons aangestap kom. Hierdie was nie ŉ droom nie. Die beste beskrywing wat ek kan gee is om soos die Apostel Paulus te sê; Ek was in die gees.

Terwyl ek in die gees was, kon ek hierdie tou wesens duidelik sien. Hulle het regop gestap en was so groot soos gewone mense. Ek kon egter nie verdere detail uitmaak nie.

Hierdie lang tou wesens het by die stoep van ons huisie tot stilstand gekom en ek het opgemerk dat hulle presente by hulle gehad het. Hulle het begin om die presente op een plek op die stoep, te pak.

Ek beleef toe dat die presente is vir my bedoel is aangesien die wesens eer en respek aan my wil betoon. Ek was aangenaam verras en het baie ge-è erd gevoel. Ek het gewonder of die presente in ons dimensie iets beteken.

Ek ervaar toe duidelik dat die Heilige Gees vir my sê om nie die presente te aanvaar nie. Ek was verbaas, maar besluit om die Heilige Gees se advies te aanvaar. Ek sê toe dat ek nie die presente wil hê nie. Toe hou hierdie "'in die gees" ervaring op en ek het toe verder gaan slaap.

Ek word toe die volgende oggend wakker en was verwonderd oor die gebeure, want dit was baie duidelik en helder.

Ek wonder spesifiek hoekom ek nie die presente moes aanvaar het nie? Ek en Doret gesels daaroor, maar ons weet bloot nie.

'n Rukkie later ervaar ek duidelik dat die Heilige Gees, vir my 'n antwoord gee wat op die volgende neerkom; Die presente was nie met 'n goeie bedoeling vir my gegee nie. Dit was 'n slinkse plan van die vyand om die salwing wat op die huis was om my en Doret te beskerm, te breek.

Die presente was afgodsgoedere wat ek in ons sanctum sou gebring het as ek dit aanvaar het. Dit sou die vyand toegang gegee het om ons aan te val. Ek was verstom, maar ek en Doret het Abba Vader geloof en geprys vir Sy omgee en beskerming!!!

Ek en Doret het gewonder waarom ek spesifiek die vloer van die huisie moes salf. Dit is nie iets wat ons gewoonlik doen nie.

Dit is toe asof die Heilige Gees vir ons 'n ding wys. Die huisie is binne 'n ou klip sirkel gebou. Ons aanvaar dat die grond geestelik onrein is as gevolg van afgodsdiens wat daar plaasgevind het.

Op die stoep van ons huisie, was daar 'n bordjie met die woord; "beach"

Die middag van die 3 Januarie kyk ek na die bordjie en toe staan daar "death" Ek kyk weer en lees "death" Ek is stomgeslaan. Ek kyk weer en toe staan daar "beach"

Ek ervaar toe in my gees dat die vyand nog 'n aanval beplan.

Ek bespreek dit met die Heilige Gees. Na 'n ruk was dit asof die Heilige Gees vir my sê dat die vyand beplan om 'n mens wat hy beheer, die aand na ons huisie te stuur, om ons fisies aan te val.

Ek dink toe wat ons te doen staan, want die huisie het byna geen sekuriteit nie en die een agterdeur kan nie sluit nie. Terwyl ek nog so staan en dink, toe ervaar ek dat die Heilige Gees vir my soos volg adviseer; Vra God om Sy Engele te stuur om jou en Doret die aand

in die huisie te beskerm, Vra God spesifiek om Sy Engele te versoek om ook in die natuurlike dimensie te mag optree. Ek het dit gedoen en ons het die aand veilig geslaap.

Die volgende dag het ons veilig Nelspruit toe gery.

Dit is wat ons getuienis betref.

TOESPASSING

Behalwe dat die gebeure vir my en Doret baie in ons geloof versterk het en ons alle eer aan God drie-Enig gee, is daar sekere lesse wat ons geleer het. Dit is soos volg:

1. God is ŉ liefdevolle en barmhartige God wat waarlik vir Sy kinders omgee. Ek en Doret het goed geweet dat grond onrein kan wees en dat bose en onrein geeste daarop kan wees. Ons het goed geweet dat as ons op vreemde plekke oornag, ons eers in die plek behoort te bid, te bely wat ons in ons harte voel om te bely, bose en onrein geeste weg te jaag, God te vra om die plek te reinig en dan die plek af te sonder deur dit met olie te salf.

   Ons het hierdie dinge op Saterdag aand baie halfhartig en eintlik as ŉ ritueel gedoen. Ons het byvoorbeeld nie eers die plek gesalf nie. Ten spyte van ons halfhartige optrede, was God ons genadig en het Hy ons gehelp.

   Die les is dat ons opnuut die erns van onrein grond en eiendom besef het.

   Die les is ook dat Jesus aan die kruis ook die oorwinning behaal het dat ons as Sy kinders, nie met demone en onrein plekke hoef opgeskeep te sit nie. Ons kan dit in Jesus se naam verwyder en reinig.

2. Die tweede les is dat as God dit sou toelaat, ons in die gees kan sien. Dis Bybels. As dit met jou gebeur, moenie die psigiater gaan sien en dink jy hallusineer nie. Daar is ŉ groot verskil tussen “in die gees sien” en hallusinasie.

3. Die derde les is; luister vir die advies van God die Heilige Gees. As God my nie gehelp het nie, sou ek die geskenke aanvaar het.

4. Die vierde les is; Moenie enige afgodsbeelde of okkultiese item in jou huis inbring nie. Jy soek moeilikheid.

5. Die vyfde les is; As jy die plek salf, salf die vloer ook. Dit was ŉ nuwe ene vir ons.

6. Die sesde les is; Vra God om ook Sy Engele te versoek om in die natuurlike dimensie op te tree indien nodig. Dit was ook ŉ nuwe ene vir ons.

Dit dan is die lesse wat ons uit hierdie voorval geleer het.

AFSLUITING

Ter afsluiting, vertrou ek dat u vandag iets geleer het, wat u in u geloofslewe met u kan saamneem. U is seuns en dogters van die Heerser van die Heelal. In Jesus, hoef ons nooit te vrees nie. In Jesus het ons al die gesag en mag wat nodig is om in oorwinning te leef.

Die grootste geskenk wat God ons na die opvaring van Jesus gegee het, is God die Heilige Gees.

As daar een ding is wat u nooit in u lewe moet vergeet nie. As daar net een ding is wat u uit vandag se preek moet neem, is dit Romeine 8:14.

ROMANS 8:14 (AMP)

"For all who are **allowing themselves to be led by the Spirit of God** are sons of God."

AMEN